

BELASTINGSEISOEN OPEN VIR EFILERS EN SARS MOBIAPP GEBRUIKERS

PRETORIA, Maandag, 1 Julie 2019 - Adjunk Minister van Finansies Dr. David Masondo en die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) Mnr. Edward Kieswetter, het Belastingseisoen 2019 vir belastingpligtiges, wat van die opgegradeerde digitale kanale eFiling en die SARS MobiApp gebruik maak, bekendgestel.

Bykomende versterkings en veranderinge vir Belastingseisoen 2019

Anders as vorige jare, is Belastingseisoen 2019 verspreid om diens aan belastingpligtiges te verbeter en oorskakeling na aanlyn-indiening aan te moedig.

Dit stel belastingpligtiges, wat SARS eFiling en die SARS MobiApp vir slimfone en tablette gebruik, om hulle inkomstebelastingopgawes vanaf vandag (1 Julie) tot 4 Desember 2019 in te dien. Belastingpligtiges wat vir die eerste keer opgawes aanlyn wil indien, kan ook vanaf 1 Julie registreer.

Belastingpligtiges wat hulle inkomstebelastingopgawes by 'n SARS-tak wil indien, kan dit vanaf 1 Augustus tot 31 Oktober 2019 doen - 'n baie korter tydperk as wat vir SARS eFiling en SARS MobiApp gebruikers beskikbaar is.

Versterkings aan kanale

SARS het verskeie innovasies aan sy digitale kanale vir Belastingseisoen 2019 bekendgestel. Dit sluit nuwe dienste op die SARS MobiApp vir slimfone en tablette in, soos registrasie vir eFiling, terugvinding van gebruikersnaam en hersetting van wagwoord, indiening van 'n opgawe en die gebruik van 'n kamera om dokumente op te laai, asook die berekening van belasting.

SARS het ook eFiling herskep om navigasie heelwat makliker te maak.

Vir Julie, sal die SARS-kontaksentrum vanaf 08:00 tot 18:00 weekdae bedrywig wees - wat 'n uur langer as gewoonlik is.

Inkomste-drumpel

Die bedrag waarbo individue belasting moet betaal, is ook aangepas. Die SARS kommissaris het aangedui dat vir die tydperk 1 Maart 2018 - 28 Februarie 2019, die bedrag vir inkomste-verdieners jonger as 65 jaar oud, R78 150 was.

Alhoewel, dit beteken nie dat alle belastingpligtiges wat belasting betaal vereis is om 'n inkomstebelastingopgawe in te dien nie.

Kriteria vir indiening van opgawe

Belastingpligtiges hoef nie 'n inkomstebelastingopgawe in te dien indien hulle aan al die onderstaande kriteria voldoen nie:

- Hulle totale besoldigingsinkomste vir die jaar, voor belasting, nie meer as R500 000 is nie
- Hulle slegs van een werkgewer besoldigingsinkomste ontvang het vir die volle belastingjaar
- Hulle geen ander vorm van inkomste het nie (bv. motortoelaag, besigheidsinkomste of huurinkomste, belasbare rente of inkomste uit 'n ander betrekking)
- Hulle het geen bykomende toelaatbare belasting-verwante aftrekkings om te eis nie (bv. mediese uitgawes, uittree-annuïteitbydraes of reisonkoste).

Belastingpligtiges wat nie vereis is om 'n opgawe in te dien nie, sal 'n gesimuleerde berekening per SMS van SARS ontvang, gebaseer op inligting aan SARS verskaf deur werkgewers en ander bronne. Die uitslag sal vir die belastingpligtige aandui wat hulle kan verwag asof hulle self 'n opgawe ingedien het. Belastingpligtiges kan die uitslag van die berekening aanvaar of die opgawe herindien met veranderinge wat hulle graag wil aanbring.

Wetstoepassingsaksies

Hoewel SARS stappe geneem het om dit vir belastingpligtiges maklik te maak om vereistes na te kom, is die onderstaande

neigings rede tot kommer en verseker SARS diegene wat nie-nakomend is van sy toegewydheid tot wetstoepassing om dié gedrag reg te stel:

1. Uitstaande opgawes en laat indienings bly 'n groot bron van kommer en SARS sal strenger wees met boeteheffings in hierdie verband. Menige belastingpligtiges verklaar steeds nie huurinkomste uit eiendomme nie en in hierdie verband sal SARS data-vergelyking verskerp deur met die Aktekantoor saam te werk. Hierdie data-vergelyking sal ons ook in staat stel om nakoming in die verklaring van kapitaalwinsbelasting af te dwing
 2. Ons sal ook ons fokus op die monitering van inkomste en uitgawes van kommissie-verdieners hernu
 3. Ons is bekommerd oor die akkuraatheid van verklarings oor uitkerings aan en uit trusts aan die voordelige ontvangers
 4. Ons vind ook dat belastingvoorbereiders oneties aan belastingpligtiges belowe dat hulle sal sorg vir 'n terugbetaling. Hulle soek dan vir geleenthede om inkomste te onderstel of uitgawes te oordryf. Dit is 'n ernstige oortreding en kan lei tot kriminele aanklagte, asook finansiële nagevolge vir die belastingpligtige, wat verantwoordbaar aan SARS bly vir hulle opgawes
 5. Fiktiewe terugbetalings word geëis vir vervalste uitgawes en verliese, asook fiktiewe werkgewers wat IRP5'e genereer slegs vir die eis van terugbetalings
 6. Bedrieglike indiening van meervuldige opgawes om terugbetalingsgeleenthede te skep, asook sindikate wat IRP5'e hergebruik vir veelvuldige individue
 7. Ons werk hard om die integriteit van ons profiel-vermoëns te verbeter deur die gebruik van gesofistikeerde risiko-modelering en die uitbreiding van ons datastelsel. SARS het verlede jaar meer as R 8.2 miljard se bedrieglike terugbetalings verhoed
 8. Ons werk tans saam beide die SAPD en die NVA om bedrieërs te vervolg en het reeds 'n aantal belastingpligtiges suksesvol gevonniss vir nie-nakoming. Ons het ook van ons eie personeel, wat in samewerking met bedrieërs was, suksesvol vervolg.
 9. Ons is besig met 'n hernude fokus op hoë-nettowaarde individue wat gereeld hulle sake op komplekse maniere reël en gereeld hoër nakomingsrisiko's vir SARS is.
- SARS moedig werkgewers weereens aan om hulle werknemers te registreer. Werksoekers hoef nie 'n SARS-tak te besoek vir registrasie nie.